Toneel

Mephisto

Arena-teater, Kaapstad

, , , ,,

Dit is geen piekniek om ’n nagmerrie teug vir teug voor jou oë te sien ontvou nie. Maar die toneelgeselskap The Mechanicals steier nie terug voor uitdagings nie.

Mephisto is die Franse dramaturg en regisseur Ariane Mnouchkine se drama gebaseer op die gelyknamige roman van Klaus Mann, seun van die skrywer Thomas Mann. In die film het Klaus Maria Brandauer die kollig gesteel, maar in The Mechanicals se weergawe, geregisseer deur Christopher Weare, bou die groot rolverdeling steen vir steen aan die senu-ineenstorting met fyn gechoreografeerde ensemble-spel.

Daar kronkel ’n indrukwekkende trap op die verhoog. In die openingstoneel staan die skrywer Klaus Mann op die balkon en lees ’n brief van die uitgewers wat hom inlig dat hulle weens die politieke klimaat nie kans sien om sy boek, Mephisto, uit te gee nie. Sy reaksie is woedend en gefolterd. Sy roman oor morele verval en die wegsink in die moeras van Naziïsme is eers in 1981 wettiglik gepubliseer.

Die verhaal ontvou oor 13 jaar, van 1923 tot 1936. Die eerste bedryf voor pouse, wat uit sewe tonele bestaan, dien as inleiding om die milieu te skets en die karakters voor te stel. Ons bevind ons agter ’n verhoog in Hamburg.

Duitsland is ’n samelewing in oorgang. Ná hul nederlaag in die Eerste Wêreldoorlog is hulle moedeloos en ’n vrugbare teelaarde vir politieke messiasse soos Lenin en Hitler. ’n Dekadente, effens koorsagtige, Cabaret-agtige stemming heers. Die sjampanje droog op en polarisasie tree tussen Fasciste en Kommuniste in.

Dit sal help om te weet dat die hoofkarakter, Hendrik Höfgen, gebaseer is op Mann se voormalige beste vriend en swaer Gustav Gründgens, wat die hoogste sport bereik het in die Nazi’s se staatsteater. In die stuk hunker Höfgen (Adrian Collins) na roem op die verhoë van Berlyn en word hy die Faust-karakter wat sy siel aan die Nazi’s verkoop in ruil vir roem.

Die rolverdeling sluit die formidabele teenwoordigheid van Nicholas Ellenbogen in en Tinarie Van Wyk Loots is, soos in elke rol, so tuis in Weimar-Duitsland soos ’n vis in die water. Die stuk stel ongemaklike vrae soos: Wat is die grenslyne tussen kuns en werklikheid en hoe gebeur ’n nagmerrie?

Dit is teater wat hare op die tande vereis; dit is moeilik verteerbaar en spook heelnag by jou.

deborah steinmair

Tot 24 Julie.